

**Skriflesing:** 1 Samuel 30: 1 – 31Teks: **1 Samuel 30:6d**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 68:9****TYDENS EREDIENS- Ps. 31:1,4; Ps. 36:3; Ps. 89:2,6; Ps 23:3; Ps. 116... Sb 28b(10-2) (Onse Vader)****1 Samuel 30: 1 – 31**

**1Sa 30:1** Toe Dawid en sy manne op die derde dag in Siklag aankom, het die Amalekiete al klaar 'n strooptog onderneem teen die Suidland en teen Siklag. Hulle het Siklag verower en afgebrand.

**1Sa 30:2** Hulle het die vrouens en almal daarin, groot en klein, as krygsgevangenes weggevoer. Hulle het niemand doodgemaak nie, maar almal gedwing om saam met hulle te gaan.

**1Sa 30:3** Toe Dawid en sy manne in die dorp kom, was dit afgebrand en hulle vrouens, seuns en dogters was as gevangenes weggevoer.

**1Sa 30:4** Dawid en sy manne het hard gehuil totdat hulle nie meer kon huil nie.

**1Sa 30:5** Die twee vrouens van Dawid, Aginoam uit Jisreël, en Abigajil die weduwee van Nabal die Karmeliet, was ook as gevangenes weggevoer.

**1Sa 30:6** Dawid was in die nood, want die manne het daaraan gedink om hom met klippe dood te gooi. Almal was verbitterd, elkeen oor sy seuns en dogters, en **toe het Dawid hulp gevra by die Here sy God.**

**1Sa 30:7** Dawid het vir die priester Abjatar seun van Agimelek gesê: "Bring tog vir my die skouerkleed nader." Abjatar het die skouerkleed vir Dawid nader gebring.

**1Sa 30:8** Dawid het die Here geraadpleeg: "Moet ek hierdie bende agtervolg? Sal ek hulle inhaal?" Die Here het hom geantwoord: "Ja, want jy sál hulle inhaal en jou mense red."

**1Sa 30:9** Dawid en sy ses honderd man het gegaan en by Besorspruit gekom, waar party agtergebly het.

**1Sa 30:10** Dawid self en vier honderd man het die agtervolging voortgesit, en twee honderd man wat te moeg was om Besorspruit deur te gaan, het agtergebly.

**1Sa 30:11** Hulle het 'n Egiptenaar in die veld gekry en hom na Dawid toe gebring. Hulle het hom kos gegee, en nadat hy geëet het, het hulle hom water laat drink.

**1Sa 30:12** Toe gee hulle hom 'n stukkie gedroogde vye en twee trossies rosyntjies en nadat hy dit geëet het, het hy weer reggekom, want hy het drie dae en nagte nie kos geëet of water gedrink nie.

**1Sa 30:13** Dawid het hom gevra: "By wie is jy en waar kom jy vandaan?" En hy antwoord: "Ek is 'n Egiptenaar, 'n slaaf van 'n Amalekiet, en my eienaar het my drie dae gelede agtergelaat, want ek het te swak geword."

**1Sa 30:14** Ons het 'n strooptog onderneem in die Filistynse Suidland wat aan Juda behoort, en in die Suidland van Kaleb en ons het Siklag afgebrand."

**1Sa 30:15** Dawid vra toe vir hom: "Sal jy ons na hierdie bende toe lei?" Maar hy sê: "Lê tog vir my 'n eed af in die Naam van God dat u my nie sal doodmaak of sal uitlewer in die hand van my eienaar nie, en ek sal u na hierdie bende toe lei."

**1Sa 30:16** Hy het hulle gelei, en toe hulle weer sien, lê die bende oor die hele gebied versprei, en hulle eet en drink en vier fees met die hele groot buit wat hulle uit die gebied van die Filistyne en van Juda gebring het.

**1Sa 30:17** Dawid het van die laat middag af tot die aand toe en dwarsdeur tot in die vroeë oggend teen hulle geveg en hulle verslaan. Nie een het ontsnap nie, behalwe vier honderd jong manne wat op kamele gery en gevlug het.

**1Sa 30:18** Dawid het almal wat deur Amalek gevat is, gered; hy het ook sy twee vrouens gered.

**1Sa 30:19** Daar is niemand, groot of klein, seun of dogter, vermis nie, en ook niks van alles wat deur die Amalekiete gebuit is nie. Dawid het alles teruggebring.

**1Sa 30:20** Hy het ook al die skape en beeste teruggevat. Sy mense het die goed voor hom uitgedrywe en hulle het gesê: "Dis Dawid se buit."

**1Sa 30:21** Toe Dawid aankom na die twee honderd man toe wat te moeg was om agter hom aan te gaan en wat hy by Besorspruit laat bly het, het hulle vir Dawid en sy manne tegemoet gegaan. Dawid het nader gekom na die manne toe en gevra hoe dit met hulle gaan.

**1Sa 30:22** Al die slegte en nikswerd manne uit die groep wat saam met Dawid gegaan het, het opgemerk: "Omdat hulle nie saam gegaan het nie, gee ons nie vir hulle van die buit wat deur ons gered is nie. Elkeen kan net sy vrou en kinders vat en loop."

**1Sa 30:23** Maar Dawid het gesê: "My broers, julle mag nie so maak nie. Wat het die Here nie alles vir ons gegee nie? Hy het ons bewaar en die bende wat teen ons gekom het, in ons mag oorgegee."

**1Sa 30:24** Wie sal na julle en na hierdie voorstel luister? Nee, soos die aandeel van dié wat gaan veg, is die aandeel van dié wat by die goed agterbly: hulle deel gelykop."

1Sa 30:25 So het dit van toe af gebeur. Hy het dit as voorskrif en bepaling vir Israel vasgestel tot nou toe.

1Sa 30:26 Toe Dawid in Siklag aangekom het, het hy van die buit na sy vriende, die leiers van Juda, toe gestuur met die boodskap: "Dit is vir julle 'n geskenk uit die buit van die vyande van die Here."

1Sa 30:27 Dit was vir die leiers van Bet-El en Ramot in die Suidland, Jattir,

1Sa 30:28 Aroër, Sifmot, Estemoa,

1Sa 30:29 Rakal, die dorpe van die Jeragmeëliete, die dorpe van die Keniete,

1Sa 30:30 Gorma, Bor-Asan, Atak,

1Sa 30:31 Hebron en oral waar Dawid en sy manne heen en weer getrek het.

**Skriflesing:** 1 Samuel 30: 1 – 31

Teks: **1 Samuel 30:6d**

**Sing: VOORAF SANG-**

**TYDENS EREDIENS- Ps. 31:1,4; Ps. 89:2,6; Ps. 105:1,5 Sb 28b(10-2) (Onse Vader)**

Geliefde broeder en suster, wanneer huil 'n mens dat daar geen krag meer in jou is nie. Die Nuwe

Vertaling het dit vertaal dat geharde manne, soldate, Dawid ingesluit, het gehuil totdat hulle nie meer kon huil nie. Die ouer Vertaling is die meer letterlike vertaling wat dit stel hulle het gehuil *totdat daar geen krag meer in hulle was om te ween nie*. Wanneer kom 'n mens by so 'n punt, ja wat het gemaak dat Dawid en mense by so 'n punt gekom het. Geliefdes, ons moet onself by hierdie Nagmaal vandag na die gebied van Siklag verplaas. Dadelik sien ons hier is vyf opeenvolgende gebeure wat as dit met jou gebeur sal jy sekerlik ook by die punt kom dat ek sê nou is daar in my geen krag meer nie. Ek het nou so gehuil ek kan nie eers meer huil nie. Vyf dinge wat mense kan tref wat die een op die ander volg en dit maak die hantering en die verwerking van wat gebeur net swaarder en swaarder.

Eerste is as jou goed gesteel word, iemand vat sommer jou goed, dis alreeds ontstellend, tweedens dit wat hulle nie vat nie, dit brand hulle af, vlamme verteer dit wat vir jou kosbaar was. Het Augustus-maand se tonele in KwaZulu-Natal dit nie duidelik aan ons gewys nie? Derdens kom in 1 Samuel 30 nog meer skrikwekkend dinge na vore ... dinge wat so hard aan 'n mens vat, selfs die gehardste soldaat vou daaronder, as jou vrou en kinders ontvoer word. Ons lees in vers 2 wat het die Amalekiete gedoen ...

*2 Hulle het die vrouens en almal daarin, groot en klein, as krygsgevangenes weggevoer. Hulle het niemand doodgemaak nie, maar almal gedwing om saam met hulle te gaan.* Dan kom die vierde swaar deel, vir Dawid sekerlik van die gevaarlikste situasies wat hy ooit in sy lewe in was. Jou eie mense draai teen jou. Baie ernstig, hulle verwerp jou nie alleen nie, hulle wil jou doodmaak. Vers 6, die vooraf gedeelte voordat ons by ons teksverse kon kom - *6 Dawid was in die nood, want die manne het daaraan gedink om hom met klippe dood te gooi. Almal was verbitterd, elkeen oor sy seuns en dogters ...* En dan die vyfde deel, daardie kyk in jouself en jy begin om jouself te verwyf. As ek maar eerder dit of maar eerder dat gedoen het, dan het hierdie verskriklike ding nie gebeur nie. Ja geliefdes, hoe swaar word dit as mens met jouself oorlog begin maak. Die oorlog wat jy so baie keer hier diep binne-jou met jouself begin het gewoonlik ook maar net verloorders en geen wenners nie. Ja, ek sal so 'n oorlog in myself met myself nie wen nie as die selfverwyf net erger en erger word. Dit lê presies op die punt waar mense soveel huil

dat hulle nie meer kan huil nie, jy het geen krag meer in jou nie, dan het die selfverwyt en alles wat mens jouself kan toevoeg ook heeltemal te ver gegaan.

\*\*\*

Ons besef dan ook hierdie vyf dinge wat ons nou maar net so opgenoem het, dit is maklik om dit te noem, maar as jyself deur sulke dinge moet gaan, dan is dit heeltemal anders. Diefstal, plundering en brand, menseroof, verwyt van ander mense en ja ek begin myself al hoe meer te verwyt, wie kan my daarmee help. Ja, Dawid het ook die gevolg moes dra van sy eie keuses en dit is wat die lewe dikwels juis nie makliker maak nie. Op hierdie stadium was Dawid aan die vlug vir Saul. Saul die koning wat mos daarop uit was om Dawid en sy roeping as koning ongedaan te maak. Dis verskriklik as een mens iemand anders so bly agtervolg dat Dawid later nie meer geweet het watter kant toe nie.

Ons het genoem Saul het met Dawid gemaak soos 'n hond met 'n haas, hom heeldyd wou jaag, daarop uit om hom in te haal en seer en dood te maak. Tog besef ons eintlik hierin ook die waarheid van hulle ou vader Jakob, 'n hele klompie geslagte terug toe Dawid oor elke seun van hom in Genesis 49 'n profesie uitgespreek het. Dan lees ons spesifiek wat het die ou vader op sy sterfbed oor sy jongste seun Benjamin geprofeteer - Gen. 49:27: *27 Benjamin is 'n wolf wat prooi verskeur: vroeg in die môre eet hy buit, in die aand vang hy sy prooi.* Saul was uit die geslag van Benjamin gebore en ja hy doen presies met Dawid wat die ou vader geprofeteer het. 'n Wolf wat daarop uit is om te jaag, om sy prooi te verskeur, in die oggende, in die aand ... dit hou net nie op nie! Nog iemand, baie jare later, ook uit die geslag van Benjamin gebore, is Paulus. Ons besef voordat daar nie in sy lewe die gebeure op pad na Damaskus gebeur het nie, toe was hy ook presies in die woorde van die ou vader se profesie dat Paulus het om elke hoek en draai probeer om die gelowiges in Christus dood te maak soos Saul dit in die tyd van Dawid probeer doen het.

Hier kom die selfverwyt wat Dawid in 1 Samuel 30 mee moes worstel nou al skerper na vore. In die dae wat Saul so vir Dawid die lewe hel wou maak toe het Dawid na die Filistyne gevlug en ja die Filistyne het aan Dawid asiel gegee. Vir langer as 'n jaar en 'n half het hy redelik veilig by hulle skuiling gevind. Intussen gebeur dit dat die Filistyne in oorlog raak met Israel. Die tafel raak gedek vir van Dawid se moeilikste keuses nog ooit. Agis, die Filistyne se koning vra Dawid se hulp, veg saam met ons, maar 'n keuse vir ons is 'n keuse teen jou eie volk, jou eie mense, en wat kan moeiliker wees as juis dit? Watter kant Dawid ookal sou kies, so 'n besluit sou oorlaai wees met van die uiterste konsekwensies denkbaar.

\*\*\*

Dawid het alreeds uit Siklag vertrek, met die moeilike voorneme om dan wel aan sy weldoeners, die Filistyne in die oorlog te help. Daar aangekom wou dit lyk Dawid is van hierdie verskriklike besluit

verlos. Die ander Filistynse manskappe teken hewig beswaar aan teen Dawid en sy manne se insluiting by hulle leërs en sou Dawid, so het hy gemeen, rustig hom uit hierdie oorlog uithou. Oppad terug wag daar egter vir Dawid 'n tragedie sonder vergelyke, want Dawid en sy leërs se afwesigheid van hulle basis Siklag het die Amalekiete genoeg tyd gegee om Siklag met die grond gelyk te vee. Hulle was nie eers drie dae weg nie, maar vir die Amalekiete was dit genoeg tyd om hierdie skade aan te rig. Vrouens, kinders, almal vir wie hulle lief was is deur hierdie Amalekiete ontvoer. Ja, u kan dit indink geliefdes, uit die verte sou Dawid hulle die rook uit hulle vestings sien optrek soos alles nog daar gesmeul het, en toe sou Dawid hulle reeds besef watter skok daar op ons wag.

\*\*\*

Dit was die begin van hierdie vyf vlakke van skok wat ons alreeds vandag aan die begin hanteer het. Manne wat huil dat daar geen krag meer in hulle is nie. Tog is ons deur wat Dawid doen nie verleë nie. In die oomblikke van die grootste seer en benoudheid, ja lees ons in die ouer Vertaling *Dawid het dit baie benoud gehad want die manskappe het gepraat om hom te stenig...* Hy staan nou vingeralleen teen sy eie mense. Wat sal hy maak, wat kan hy maak as 600 man tegelyk teen hom opstaan?

Niemand van ons het ooit nog so 'n benoudheid, so 'n alleenheid moes hanteer nie! Niemand om mee te praat nie, net 1200 oë wat my aangeluur, almal sê vir my dit is jou skuld. Hy word verwyt man na man. Dit word dal kerger as die tyd wat die wolf Saul hom heelyd ook so agtervolg het. Waarlik ná alles as daar van die ander manne staan dat daar in hulle geen krag meer oor was nie, soveel te meer by Dawid. Die manne se verwyt, sy eie selfverwyt vat hande en dit word net 'n groter verwyt van hoekom het ek gedink om die Filistyne te help, hoekom het ek oorweeg om wel teen my eie volk die swaard op te neem al jaag hulle my nou al hoe lank in die persoon van Saul soos 'n hond 'n haas kan jaag.

Daar is in my geen krag meer nie. En dan kom ons teksverse wat by vandag se Nagmaal ook so vol betekenis is, ja in alle opsigte is dit eintlik al wat saakmaak. Die 1983-Vertaling het dit vertaal as *Dawid het hulp gevra by die Here sy God ...* Die 1933' 53 Vertaling stel dit nog duideliker - ... *Dawid het homself versterk in die Here sy God*. By Nagmaal is dit so aangrypend wat hier gebeur. Ons kom ook vandag hier bymekaar om in die geloof versterk te word. In Dawid se geval sien hy mense met groot klippe in die hande en hulle is gereed om hom met daardie klippe dood te gooi. As God jou versterk dan sien jy dinge anders. Dan sien jy mense en ons sluit juis onself daarby in, mense met 'n stukkie brood in die hand, mense met 'n Nagmaalbeker in die hand ja dit is die mens wat sy krag en hulp by God soek. Dit is die mens wat homself/haarself in die Here sy God kan versterk. Die verskil kom neer op wat jy vashou ook by vandag se Nagmaal. Hou jy ook aan klippe vas of hou ons aan die Nagmaal vas?! Om

aan die Nagmaal vas te hou beteken om in die Here jou krag en hulp te kry en met hierdie krag aan die Here te bly vashou.

\*\*\*

As ons lees *Dawid het homself versterk in die Here sy God*, dan word 'n mens se breekpunt eintlik 'n kragpunt. Al die spanning tot hier opgebou, is of dit eenvoudig net wegval, want nou het ek my sorg, my vrese, my pyn, alle leed is nou nie net meer myne nie, maar die Here is by my in hierdie leed. Die Here versterk my in hierdie leed. As dit gebeur dan kom u agter, dit is nie meer die geweldige spanning wat op Dawid laai nie, maar as Dawid sy spanning kon aflaa, dan begin hy weer met die krag wat hy van die Here ontvang om ook weer die ander mense se probleme op te laai. Op 'n positiewe manier, maar baie meer as net die positiewe, op 'n gelowige manier sal Dawid hierdie hele saak verder hanteer.

Daar word met die Here gepraat. Dawid wil weet nie wat is vir ons nou verder die beste nie, maar wat is vir die Here die beste. Dawid trek die skouerkleed/skouerband aan, 'n band wat daarop sou dui dat iemand waarlik in gebed ná die Here gaan, en die priester Abjatar is die stille getuie van hierdie gebed. Geliefdes, dit bring die geweldige krag tot ons beskikking net nog duideliker na vore. Om jou in die Here te versterk, en dan nog met daardie krag weer tot die Here te bid, is wat Paulus ook later aan die Efesiërs skrywe. In Ef. 3:20 lees ons dat die krag van God wat in ons werk, *ons in staat stel om veel meer te doen as wat ons bid of dink*. Hierdie versterking in die Here, hierdie krag van die Here, dui aan die einde van Efesiërs op 'n nog groter saak as daar staan- Efesiërs 6:10- *Eindelik my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte*.

\*\*\*

As ons netnou by nabetrugting kom dan sal ons dit nog duideliker sien ... Die res van hierdie hoofstuk word daar nie met menslike krag nie, maar met goddelike krag gewerk. Ons moet beseef hierdie krag, hierdie geleentheid om ons in die Here te versterk, is vir ons ook daar. Dis goddelike krag wat alle verstand te bowe gaan, maar dit is daar vir ons om ons in te versterk. In al vyf die opeenvolgende dinge wat daar in Dawid en met Dawid gebeur het, jou goed is gesteel, alles is afgebrand, my mense is weggevoer, daar staan mense met klippe in hulle hande teen my op en dan die pynlike selfverwyt. Wie anders kan help as net die Here Self?! In Wie anders kan daar om krag gevra word as die Een in Wie se Naam ons nou die Nagmaal gaan vier. Mag dit

wees dat ons ook dié mense sal wees wat ons by hierdie Nagmaal in die Here sal wil versterk en by nabetracting sien ons die res van 1 Samuel 30 wat gebeur na Dawid sy hulp, sy krag van die Here ontvang het, daarin waarmee hy hom kon versterk.

AMEN

#### NABETRAGTING-

Wanneer Dawid werklik sy krag en hulp van die Here ontvang het, broeder en suster, hy is in die Here versterk soos wat ons ook graag vandag by hierdie Nagmaal in God versterk wou word. Wat nou verder? Ons gaan weer die lewe in; 'n lewe daarbuite wat nie een van ons al deur so 'n vyfvoudige rampe getref was soos met Dawid nie. Na die vyfvoudige rampe is hier wel vier gebeure, vier momente in Dawid se lewe wat my lewe met nabetracting baie leeg laat as ek ook nie hiermee erns sou maak nie. Daar is krag in hierdie lewe, ja in hierdie lewe as God jou versterk het ook met vandag se Nagmaal.

Wat gaan ek en jy met hierdie krag maak? Die eerste wat Dawid doen hy vra na God se wil. Hy wil baie seker maak dat dit wat ek nou gaan doen nie teen God se wil sal wees nie. Dit moet in alle geval ook altyd ons vertrekpunt wees. God se Woord is die openbaring, die volledige uiteensetting van wat God se wil is. Daarin lê gehoorsaamheid. Nie menseregte of sg menswaardigheid dat ek tog net nie iemand in sy waardigheid moet aantast nie. Na Abjatar vir Dawid die skouerkleed, die gebedsband kan ons dit ook noem, gebring het, dan word daar biddend na God se wil gevra. Vers 8 lees ons Dawid se gebed as hy vir die Here vra: *“Moet ek hierdie bende agtervolg? Sal ek hulle inhaal?”* Dis 'n reguit gebed, dis 'n opregte gebed!

\*\*\*

Dit wat my eie mense my kan aandoen is nou eers uit die prentjie. Ja, van hulle staan met klippe in die hande om my te wil stenig, maar laat hulle maar die eerste klip gooi. Die reg van God en die wil van God is belangriker as hulle gevoelens en hulle klippe! Dawid hou aan God se beloftes vas soos ons vandag ook as ons aan die brood en aan die beker kon vashou wil ons daarmee ook sê ek klou vas aan God se beloftes. Hy sal ons nie in die steek laat nie. Die Here moet my lei en help. En die Here antwoord hom ... agtervolg die Amalekiete. Jy sal hulle inhaal en jy sal jou mense red. Wie met God se krag werk is iemand wat oortuig is dat ek ook bereid moet wees om met God se antwoorde te werk. Die mens wat nie met die Here se krag werk nie, is 'n mens wat homself/haarself sal toegooi met allerhande vrae om nooit weer op te staan nie.

Nou besef ons in die geloof is daar dikwels nie tyd vir soetsappige praatjies nie. Die koninkryk van God is ook nie 'n ryk van soetsappigheid nie. Dikwels verwag die Here van sy kerk duidelike en dringende optrede. Ken die kerk se vyande en moet nie met hulle speel nie! Ja, dit is 'n besliste moment wat gebeur na Dawid in die geloof versterk is toe hy na God se wil vra en hoe die Here hom antwoord. Jou vyand moet jy ken en hy/sy moet weet as hulle God se vyand is, is hulle ook jou en my vyand. Dit mag nie anders wees nie, daar moet teen die vyande van die Kerk in ons tyd gepreek word. Hoe duidelik het Christus dit gesê dat God se vyande is beslis ook Hy wat Christus is se vyande. Wie nie vir my is nie, is teen My! Daarom wie vir Christus is, moet baie seker maak Wie Christus werklik is en daar moet werklik na sy wil gevra word.

Die tyd het vir die ware Kerk dit al duideliker gemaak dat vyande van die kerk van Christus word meer en meer ... laat ons daarvoor geen illusie hê nie. Wie nie kinderlik Christus op sy Woord neem en werklik in alles na God se wil vra nie is in wese 'n vyand van die ware kerk van Christus. Soos die vyande van Christus meer word so word die valse kerke ook net meer en meer wat hulleself die naam kerk toe-eien maar dit lankal nie meer is nie. Soos ons in Art 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dit ook hoor en dit ook baie duidelik kan nasê.

\*\*\*

Die volgende probleem wat Dawid in sy versterking in die Here moes hanteer is dat ons vyande is al twee dae weg, hulle wat hierdie verskriklike rampe oor ons gebring het, ons besteel, ons plek verbrand, ons kinders en vrouens weggevoer; die woestyn is baie groot, waar gaan ons hulle weer kan opspoor?! Die wind het hulle spore in daardie klomp woestynsand lankal toegewaa! In ons terme gevra waar is die terrein wat die reg sal geskied. En dan sien ons die Here voorsien 'n verdwaalde Egiptenaar. Dit laat Sondag 10 van die Heidelbergse Kategismus ook weer so duidelik na vore kom. Om te mag weet hoe die Here kan voorsien en sal voorsien. Hierdie Egiptenaar kon die spoor van die Amalekiete uitwys. Dawid en sy manne kon hulle as't ware op hulle nes gaan uithaal. Hulle was nog toegedraai in hulle oorlogbuit, die fees vure brand nog hoog, toe is Dawid en sy manne daar. Ja, hierdie besondere moment wat gebeur as God jou versterk is om werklik in God se voorsienigheid te glo. In die slegte maar ook in die goeie dinge soos Sondag 10 dit so aangrypend uiteensit.

En dan kom daar so 'n belangrike saak by wat by hierdie nabetrugting vandag nie buite rekening gelaat mag word nie. Daarmee moet ons ook die lewe ingaan. Dawid het die oorlog teen die Amalekiete kon wen met net vier-honderd manne by hom, want oppad na hierdie plek moes hulle 200 mans by 'n spruit agtergelaat, wat net-nie meer in staat was om verder te gaan nie. EN die 400 saam met Dawid kon alles terugkry, en het baie meer teruggekry as net dit wat hulle verloor het, maar het ook met die Amalekiete se beeste en kleinvee soos dit na 'n oorlog gaan na hulle plek kon terugkeer, met vrouens en kinders nou veilig by hulle.

Maar juis op hierdie pad terug sou daardie 200 mans nog wag, wie se liggaamskrag so getap was dat hul eenvoudig nie tot oorlog in staat was nie. En juis met hierdie 200 sien ons ook die werk van die Heilige Gees in Dawid se lewe nadat hy 'n mens was wat hom in die Here kon versterk. Die 400 mans saam met Dawid is alweer vinnig om die slegte en die inhalige, die vinnige impulsiewe na vore te bring. Hierdie 400 meen dat dié wat agtergebly het, aan hulle kom nie 'n snars toe van dit wat nou in hierdie oorlog gebuit kon word nie.

Maar Dawid wie se lewe in die Here versterk is, Dawid wat in die gebed hierdie oorlog ingegaan het, met die duidelike opdrag agtervolg daardie manne, dieselfde Dawid wys hoe iemand wat in die Here versterk is, ook daardie vrug in die lewe van ander mense sal uitleef. Dis die laaste wonderlike gevolg van om in die Here versterk te word, is om God se goedheid, liefde en genade ook met andere te wil deel. Ná die verskriklik vyfledige smart wat vroeër aan die orde was. Om God se goedheid, om die Here se genade en liefde my so aan te trek, ek word so deur die Here versterk, dat dit nie anders kan om ook sover dit van jou afhang aan ander mense goed te doen nie. Die Romeine moes later in Christus dit baie duidelik hoor- Rom. 12:18 kom hierdie vrug in sy volle rypheid na vore- *as dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.*

Dan wil ek God se goedheid, liefde en genade ook met andere deel. Dan kan dit nie anders as om in hierdie hele hoofstuk in die lewe van Dawid raak te sien, dit in Christus toe te pas dit wat die Here aan die Filippense ook geskryf het nie- Fil. 4:5- staan in die ouer vertaling dit so duidelik - *Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby.* En hoe is vers 6-7 van dieselfde hoofstuk net-nie met Dawid van toepassing nie. 1 Samuel 30 het as't ware Filippense 4 bewys ...

*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*

Mag u werklik by hierdie Nagmaal vandag ook weer in die Here versterk kon word. Al het swaar dinge my al getref! Dit neem niks weg van dit wat ek reeds in die Here ontvang het nie. Wie alles verloor het, maar hy/sy wat nog die Here het, moet kan sê ek het eintlik nog niks verloor nie. Al mag dit menslik nie moontlik wees om so te voel nie, mag dit wel vir u 'n goddelike moontlikheid word. Ons moet altyd met God rekening hou. Werk met die goddelike moontlikhede, leef mee in die krag wat God skenk. Dan is die Heilige Gees naby u, Hy wat die bron maar ook die stroom van u lewe wil wees. Dit wat Jesus verlede Sondag die vrou by die put laat sien het, dat sy werklik haar kruik net daar kon los vir die groter saak. Dan is u in die Here versterk, en die Nagmaal wou dit bekragtig.

AMEN